NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG, 5 OKTOBER 2011 OM 14:00

- ADMINISTRASIE EN FINANSIES -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdh N J A Rust
Ondervoorsitter, rdl M Van Zyl

Abrahams, M Z	Stemele, O M
Geel, B W	Van der Merwe, J I
Goliath, M S I	Van der Westhuizen, R F
Humphreys, F S	Wilskut, W
Hunsinger, C H H	

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Rdl R F van der Westhuizen open die vergadering met gebed.

Die voorsitter wens die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit geluk met sy verjaarsdag op datum.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle C M Cloete en H McKrieling.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ADMINISTRASIE EN FINANSIES) GEHOU 6 SEPTEMBER 2011

BESLUIT
(op voorstel van rdl C H H Hunsinger, gesekondeer deur rdl M van Zyl)

Dat die notule van 'n Portefeuljekomiteevergadering (Administrasie en Finansies) gehou op 6 September 2011 as korrek bekragtig word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

3.1 SKRYWES VAN DANK EN WAARDERING AAN MUNISIPALITEIT SWARTLAND

BESLUIT/...

BESLUIT

Dat kennis geneem word van skrywes van dank en waardering ontvang gedurende die afgelope maand.

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 DEPARTEMENTELE VERSLAE

5.1.1 MUNISIPALE BESTUURDER: AUGUSTUS 2011
5.1.2 FINANSIËLE DIENSTE: AUGUSTUS 2011
5.1.3 KORPORATIEWE DIENSTE: AUGUSTUS 2011

Die Direkteur: Finansiële Dienste verduidelik dat alhoewel die Ouditeur-Generaal verwag dat die bankrekonsiliasiestaat deel moet uitmaak van die maandverslag, dit nie geopenbaar word nie, omrede die verslag die geld in transito aandui. Indien die bedrae bekend gemaak word, stel dit die munisipaliteit bloot aan rooftogte en word hierdie risiko beperk deur nie die bankrekonsiliasiestaat voor te lê nie.

Rdl F S Humphreys bedank die Direkteur: Finansiële Dienste vir die pogings om Swartland Munisipaliteit se finansiële posisie gesond te hou.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M S I Goliath, gesekondeer deur rdl F S Humphreys)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van onderskeidelik die Munisipale Bestuurder, die Direktoraat Finansiële Dienste en die Direktoraat Korporatiewe Dienste vir Augustus 2011.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

6.1 (1) TOERISMEVERSLAG VAN KAAPSE WESKUS/SWARTLAND TOERISME VERENIGING VIR DIE BOEKJAAR 2010/2011, EINDIGEND 30 JUNIE 2011; (2) VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL I.V.M. FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR 2009/2010 (5/15/1/2/1, 9/1/3/2/1B)

AANBEVELING

(a) Dat daar met dank en waardering kennis geneem word van die inhoud van die jaarverslae soos voorgelê;

(b) Dat kennis geneem word dat die finansiële verslae ter insae is in die kantoor van die Bestuurder: Openbare Betrekkinge;

(c) Dat kennis geneem word dat die Ouditeur-Generaal se verslag vir die 2009/2010 finansiële jaar nog afgewag word;

(d) Dat daar versoek word dat die Kaapse Weskus/Swartland Toerisme Vereniging riglyne opstel vir die formaat waarin die jaarverslae van die Toerisme Advieskomitees voorberei moet word, ten einde eenvormigheid te bewerkstelling en te voldoen aan die maatstawwe van die Toerisme Diensvlakooreenkoms.

(GET) N J A RUST
VOORSITTER

- SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl O M Stemele
Ondervoorsitter, rdl A C Sedeman

Abrahams, Z M	Papers, H
Fortuin, C	Rust, N J A
Goliath, M S I	Van der Merwe, J I
Hunsinger, C H H	Van Zyl, M
Johnson, A	

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 14:20 ‘n aanvang.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle N S Zatu en H McKrieling.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ‘N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (SIVIELE- EN ELEKTRIESE DIENSTE) GEHOU 6 SEPTEMBER 2011

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdh N J A Rust)

Dat die notule van ‘n Portefeuljekomiteevergadering (Siviele- en Elektriese Dienste) gehou op 6 September 2011 as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 MAANDVERSLAE

5.1.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE: AUGUSTUS 2011
5.1.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE: AUGUSTUS 2011

BESLUIT/...

5.1/...

BESLUIT
(op voorstel van rdh N J A Rust, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van onderskeidelik die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste en Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste vir Augustus 2011.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) O M STEMELE
VOORSITTER

- ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl R F van der Westhuizen
Ondervoorsitter, rdl W Wilskut

Geel, B W
Goliath, M S I
Hunsinger, C H H
Johnson, A
Papers, C H
Sedeman, A C
Stanley, B J

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 14:32 ‘n aanvang.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle A M Sneewe, D B Philander en H McKrieling.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ‘N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE) GEHOU 6 SEPTEMBER 2011

BESLUIT
(op voorstel van rdl W Wilskut, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat die notule van ‘n Portefeuljekomiteevergadering (Ontwikkeling- en Beskermingsdienste) gehou op 6 September 2011 as korrek bekragtig word, onderhewig aan die volgende wysiging –

ITEM 6.4: VOORGESTELDE HERSONERING, ONDERVERDELING EN KONSOLIDASIE VAN ERWE 317, 7455 EN 10426, MALMESBURY (15/3/3-8, 15/3/6-8 EN 15/3/4-8) (WYK 7)

BESLUIT

D5(a) Dat die basiese vullisverwyderingstarief vir elke perseel ingevolge die Vullisordonnansie of die Verordening ingevolge die Verwydering en Wegdoen van Vullis gehef word, ...

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 MAANDVERSLAE

5.1.1 ONTWIKKELINGSDIENSTE: AUGUSTUS 2011
5.1.2 BESKERMINGSDIENSTE: AUGUSTUS 2011
5.1.3 MUNISIPALE POLISIEDIENSTE: AUGUSTUS 2011
5.1.4 BRANDBESTRYDING: AUGUSTUS 2011

BESLUIT
(op voorstel van rdl C H H Hunsinger, gesekondeer deur rdl B J Stanley)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van onderskeidelik die Direktoraat Ontwikkelingsdienste en die Direktoraat Beskermingsdienste vir Augustus 2011.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

6.1 SWARTLAND RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK (15/1/4/1)

Die bestaande Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ROR) soos opgestel in 2002 fokus hoofsaaklik op die stedelike gebiede. *Umsebe Stadsbeplanningskonsultante* is deur die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming aangestel om die ruimtelike voorstelle van die landelike areas te identifiseer.

Ten einde ‘n ROR vir die totale regsgebied van Swartland Munisipaliteit daar te stel, is die bestaande plan deur die beplanningskonsultante, *CK Rumboll en Vennote* hersien en is die voorstelle van *Umsebe Stadsbeplanningskonsultante* bygewerk.

AANBEVELING
(op voorstel van A C Sedeman, gesekondeer deur rdl C H Papers)

(a) Dat die gewysigde Swartland Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk ingevolge die Munisipale Stelselswet, Wet 32 van 2000 in beginsel aanvaar word;

(b) Dat die inhoud van die dokument deur middel van ‘n publieke deelname proses aan alle rolspelers gekommunikeer word;

(c) Dat, indien dit na die publieke deelname proses blyk dat daar sekere tekortkominge mag wees, dit ondersoek en waar moontlik bygewerk word;

(d) Dat die dokument dan op ‘n latere stadium vir finale goedkeuring aan die Raad voorgelê word en daarna na die Minister verwys word ingevolge artikel 4(6) van Ordonnansie 15 van 1985 vir goedkeuring.

6.2 VOORGESTELDE HERSONERING VAN ERF 7891, RIVERLANDS (15/3/3-13) (WYK 4)

‘n Aansoek is ontvang vir die hersonering van ‘n gedeelte van erf 7891 (groot ±42m²) geleë te Waterblommetjiestraat, Riverlands vanaf residensiële sone I na institusionele sone I ten einde ‘n kleuterskool te bedryf.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl B J Stanley, gesekondeer deur rdl C H H Hunsinger)

Dat die aansoek om hersonering van ‘n gedeelte van erf 7891 (groot ±42m²) geleë te Waterblommetjiestraat, Riverlands ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf residensiële sone I na institusionele sone I vir die bedryf van ‘n kleuterskool goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

(a) dat daar minstens 2m² binnehuise spasie per baba (1 tot 24 maande) en minstens 1,5m² binnehuise spasie per kleuter (2 tot 7 jaar) beskikbaar is;

(b) dat daar ten minste 1 toilet vir elke 20 kinders beskikbaar is;

6.2/...

(c) dat aansoek gedoen word by die Weskus Distriksmunisipaliteit vir ‘n geskiktheidsertifikaat;

(d) dat daar aansoek gedoen word vir ‘n tweede geskiktheidsertifikaat wat aandui dat die kombuis voldoen aan Regulasie 918 van die Wet op Gesondheid (Wet 61 van 2003) omrede voedsel voorberei word;

(e) dat die kleuterskool beperk word tot ‘n gebou van ±42m² en buite speelarea van ±80m²;

(f) dat die toepaslike bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;

(g) dat, met verwysing na die registrasiesertifikaat vir die bedryf van ‘n kinderversorgingsfasiliteit wat vanaf die Departement van Sosiale Ontwikkeling bekom is en wat reeds op 22 Februarie 2010 verval het, die kleuterskool weereens by voormelde departement geregistreer word en dat die sertifikaat aan die Munisipaliteit voorgelê word;

(h) dat die kleuterskool sal voldoen aan die vereistes van die Departement van Sosiale Ontwikkeling;

(i) dat alle akkommodasie sal voldoen aan die toepaslike gesondheidsregulasies;

(j) dat op perseel op- en aflaai geriewe geskep word;

(k) dat alle voertuie van die personeel, indien enige, op-perseel parkeer word;

(l) dat die nodige aansoek vir die vertoning van die advertensieteken by die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;

A2 WATER

(a) dat geen addisionele wateraansluitings voorsien sal word nie;

A3 RIOOL

(a) dat geen addisionele rioolaansluiting voorsien sal word nie;

A4 VULLISVERWYDERING

(a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir die woning sowel as vir die kleuterskool gehef word;

(b) dat in die geval van die kleuterskool sal die tarief aangepas word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word;

(c) dat die vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie geplaas word op oggend van verwydering.

6.3 AFWYKING: ERF 1725, DARLING (15/4/2-3) (WYK 5)

‘n Aansoek is ontvang vir ‘n afwyking op erf 1725, Darling vir die oprigting van ‘n onderdak stoep en die vergroting van die eet/sitkamer.

AANBEVELING
(op voorstel van rdh A Johnson, gesekondeer deur rdl C H Papers)

(a) Dat die aansoek om afwyking op erf 1725, 13de Laan, Darling ten einde af te wyk van onderskeidelik die 4m straatboulyn na ±0,5m, asook die 2m syboulyn (suidoostelike grens) na 0m, in terme van artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

6.3(a)/...

(i) dat slegs ‘n onderdak stoep opgerig word wat die straataansig van die skakelhuis op erf 1724 komplementeer;

(ii) dat die dakwater van die afdak slegs geakkommodeer word op erf 1725;

(b) Dat die vergroting van die eet/sitkamer nie ondersteun word nie, vir die volgende redes:

(i) 13de Laan beskik oor geen soortgelyke straatboulyn afwykings ten opsigte van leefvertrekke (kamers) binne die straatboulyn nie. Dus sal ’n presedent geskep word;

(ii) erf 1725 beskik oor voldoende op-perseel spasie om met sinvolle beplanning en ontwerp die behoefte van die eienaar vir ’n groter eet/sitkamer te akkommodeer;

(iii) dat die bouplanne dus gewysig word ten einde die eet/sitkamer op ’n ander plek op die perseel voor te stel.

6.4 AFWYKING: ERF 3311, MALMESBURY (15/4/2-8) (WYK 10)

’n Bouplanaansoek is ontvang wat ’n motorafdak voorstel op erf 3311 geleë te Mimosalaan, Malmesbury waarvan die 5m straatboulyn tot op 0m, asook die 1,5m syboulyn (westelike grens) tot op 0m oorskry word.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl C H H Hunsinger, gesekondeer deur rdl B J Stanley)

Dat die item na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee verwys word.

(GET) R F VAN DER WESTHUIZEN
VOORSITTER